



**Western Cape  
Government**

Agriculture

---

**Handleiding vir die bevordering van toegang tot Inligting, 2019,  
saamgestel in terme van Artikel 14 van die Wet op die Bevordering  
van Toegang tot Inligting, 2000, vir die Departement Landbou**

## Inhoudsopgawe

1	INLEIDING .....	3
2	STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT LANDBOU soos op 31 Desember 2017 – Artikel 4 (1)(a) .....	4
3	FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT .....	5
3.1	Administrasie (Program 1) .....	5
3.2	Volhoubare hulpbronbestuur (Program 2) .....	6
3.3	Boeresteun en -ontwikkeling (Program 3) .....	7
3.4	Veerartsenykundige dienste (Program 4) .....	8
3.5	Navorsing en tegnologie en ontwikkeling-(Program 5) .....	9
3.6	Landbou-ekonomiese dienste (Program 6) .....	10
3.7	Gestruktureerde landbou-onderwys en -opleiding (Program 7) .....	10
3.8	Landelike Ontwikkeling (Program 8)	
4	KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE – Aritkel 14(1)(b) .....	12
5	RIGLYNE DEUR DIE MENSEREGTEKOMMISSIE – Artikel 14(1)(c) .....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
6	INLIGTING OOR DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGITNG, 2002 .....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
6.1	ONDERWERPE EN KATEGORIEË VAN DEPARTEMENTELE REKORDS – Artikel 14(1)(d) <b>Error! Bookmark not defined.</b>	
6.2	DEPARTEMENTELE REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS SONDER VERSOEK TOT TOEGANG – Artikel 14 (1)(e) .....	18
6.3	DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK – Artikel 14(1)(f) .....	19
6.4	REËLINGS VIR OPENBARE DEELNAME DEUR KONSULTASIE EN/OF VERTEENWOORDIGING OOR DIE FORMULERING VAN DEPARTEMENTELE BELEID EN/OF UITVOERING VAN FUNKSIES – Artikel 14(1)(g) .....	21
6.5	REMEDIES BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN OPTREDE OF ONVERMOË OM OP TE TREE DEUR DIE DEPARTEMENT – Artikel 14(1)(h) .....	21
7	TOEGANKLIKHEID TOT EN BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING – Artikel 14(3)..	21
	BYLAE A: RIGLYE OOR TOEGANG TOT REKORDS WAT NIE OUTOMATIES BESKIKBAAR IS NIE	<b>Error!</b>
	<b>Bookmark not defined.</b>	
	BYLAE B: HANDVES VAN DIENS .....	23
	BYLAE C: VORM A.....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
	BYLAE D: VORM B.....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
	BYLAE E: SKEDULE VAN BETALING .....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>




## 1 INLEIDING

- 1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet) maak voorsiening vir die reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word, onderworpe aan geregverdigde beperkings, wat die beperking insluit om privaatheid te beskerm.
- 1.2 Die Konstitusionele Hof het die reg op toegang tot inligting geïnterpreteer as nie bloot 'n reg om inligting vir die uitvoering of beskerming van 'n reg te bekom nie, maar ook om te verseker dat 'n oop en verantwoordbare administrasie op alle regeringsvlakke te verseker.
- 1.3 Artikel 32(1)(a) en (2) van die Grondwet lees as volg:  
*“(1) Elkeen het die reg op toegang tot –  
(a) enige inligting wat deur die staat gehou word , en  
(b) enge inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.  
(2) Nasionale wetgewing moet verander word om aan hierdie reg gevolg te gee , en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.”*
- 1.4 Die bogenoemde het tot die uitvaardiging van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (WBTI) gelei. Die doel van WBTI is om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in openbare en private liggame te kweek en om die mense van Suid-Afrika te bemagtig en op te voed sodat hulle hul regte verstaan.
- 1.5 Hierdie handleiding is saamgestel in terme van Artikel 14 van WBTI wat vereis dat die Departement Landbou (DL) 'n handleiding moet hê wat onder andere sy struktuur en funksies uiteensit, 'n opgawe van sy rekords en dienste insluit, en bystand verskaf oor die prosedure om toegang tot die rekords en dienste te verkry.

**2 STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT LANDBOU soos op 31 Desember 2017 – Artikel 4(1)(a)**

## Organogram



### 3 FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT

#### 3.1 Administrasie (Program 1)

**3.1.1 Kantoor van die LUR:** Om prioriteite en politieke riglyne te verskaf ten einde die behoeftes van kliënte te bevredig (vir die doeltreffende bestuur van die LUR se kantoor).

**3.1.2 Senior bestuur:** Om beleide en prioriteite in strategieë te omvorm vir doeltreffende dienslewering en om prestasie te bestuur, te moniteer en te beheer.

**Strategiese doelstellings:**

Om die aktiwiteite van die Departement te rig en die belyning tussen die drie sferes van regering te versterk.

**3.1.3 Operasionele Steundienste:** Om koördinerende of steundienste, soos van toepassing op die ander programme ten opsigte van menslike hulpbronnebestuur en mensekapitaalontwikkeling, fasiliteitssteunonderhoud, registrasiedienste en veiligheid en sekuriteit te verskaf.

**Strategiese doelstellings:**

Deeglik onderhoude infrastruktuur en akkommodasie om doeltreffende dienslewering te steun.

Beïnvloeding van die mensekapitaalstrategie om die vaardigheidsbehoefte in die Departement en die sektor te takel.

Verseker sakekontinuiteit in die geval van rampe of groot onderbrekings.

Verkry maksimum energiedoeltreffendheid in die hele Departement.

**3.1.4 Finansiële bestuur:** Om doeltreffende steundienste (insluitend monitering en beheer) ten opsigte van begroting, finansiële rekeningkunde, roerende bates, motorvlootdiens, verskaffing en verkryging en onderhoud van inligtingstechnologie te verskaf.

**Strategiese doelstelling:**

Goeie regeerpraktyke wat deur die doeltreffende finansiële bestuur en administrasie en regeerpraktyk - ingeslote prosesse en stelsels in ooreenkoms met die diensleweringbehoefte van die Departement - bevestig word.

### **3.1.5 Kommunikasiedienste:**

Om op interne en eksterne kommunikasie van die departement te fokus deur skriftelike, verbale, visuele en elektroniese media sowel as bemarking en advertering van die departementele dienste te fokus.

#### **Strategiese doelstelling:**

Departementele aktiwiteite doeltreffend gekommunikeer.

## **3.2 Volhoubarehulpbronontwikkeling (Program 2)**

**Strategiese doelstelling:** Die program: VHO lewer steundienste aan alle boere in die provinsie, en die hooffokus is om die huidige hulpbronne te onderhou en te verbeter deur die implementering van projekte, toepassing van regulasies en kommunikasieveldtogte. In sy strewe om die oorhoofse volhoubaarheid van die landbousektor te verseker is die fokus op intervensies op plaasvlak. Die impak van klimaatsverandering sal eerste deur VHO gevoel word en die veranderinge in metodologieë om boere te steun, sal die program dwing om vernuwend te bly.

#### **Doelstelling:**

Die doel van die program is om landboukundige steundienste te verskaf ten einde volhoubare ontwikkeling en bestuur van landbouhulpbronne te verseker.

### **3.2.1 Ingenieursdienste:**

Om ingenieursteun (beplanning, ontwikkeling, monitering en evaluering) ten opsigte van besproeiingstechnologie, ter plaatse-meganisasie, waardetoevoeging, plaasstrukture, hulpbronbewaringsbestuur, werking en onderhoud van boerderytoerusting, masjinerie, gereedskap en implementoplossings verskaf.

#### **Strategiese doelstelling 1:**

Om die optimale en volhoubare gebruik van die Wes-Kaapse grond- en waterbronne te bevorder.

#### **Strategiese doelstelling 2:**

Om 'n ingenieursdiens te lewer om produksie en boerdery-uitvoerbaarheid te verhoog.

### **3.2.2 Grondsorg:**

Om die volhoubare gebruik van natuurlike landbouhulpbronne te bevorder deur betrokke te raak by gemeenskap ge-oriënteerde inisiatiewe wat ondersteuning bied aan volhoubaarheid (sosiaal, ekonomies en omgewingsgewys), wat lei tot groter produktiwiteit, voedselsekerheid en verbeterde welstand van almal.

**Strategiese doelstelling:**

Bevorder die bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne.

**3.2.3 Grondgebruiksbestuur:**

Om die preservering en volhoubare gebruik en bestuur van landbougrond deur die administrasie van die Subdivisie van die Landbougrond Wet (SALA) en die bewaring van Landbou-hulpbronne (CARA) te bevorder.

**Strategiese doelstelling:**

Verskaf kommentaar oor aansoeke vir onderverdeling en hersonering van landbougrond.

**3.2.4 Ramprisikobestuur:**

Om steundienste ten opsigte van landbouramprisikobestuur aan kliënte/boere te verskaf.

**Strategiese doelstelling:**

Verskaf 'n proaktiewe en reaktiewe rampbestuursdiens aan ons kliënte.

**3.3 Boeresteun en -ontwikkeling (Program 3)**

Die doel van die program is om deur landbou-ontwikkelingsprogramme steun aan boere te verskaf.

**3.3.1 Plaas / Boervestiging en -ontwikkeling:**

Om steun deur volhoubare landbou-ontwikkeling aan klein- en kommersiële boere te verskaf.

**Strategiese doelstelling:**

Grondhervorming gefasiliteer met landbousteun.

**3.3.2 Voorligting- en adviesdienste:**

Om voorligting- en adviesdienste aan boere te verskaf.

**Strategiese doelstelling:**

Om te verseker plase word suksesvolle sakeondernemings deur die produksie van landbouprodukte vir die binnelandse en uitvoermarkte te verhoog.



### **3.3.3 Voedselsekerheid:**

Om die implementering van die Nasionale Beleid op Voedsel sekerheidstrategie van Suid-Afrika (GVSS-SA) te steun, te adviseer en te koördineer.

#### **Strategiese doelstelling:**

Fasiliteer toegang tot bekostigbare en diverse voedsel vir die voedsel-onsekeres en kwesbare gemeenskappe.

**3.3.4 Casidra SBM Bpk.:** Om die Departement met projekbestuur en staatsplaasbestuur te ondersteun.

#### **Strategiese doelstelling:**

Om die Departement met projekimplementering en staatsplaasbestuur te ondersteun.

## **3.4 Veeartsenykundige dienste (Program 4)**

Die doel van die program is om veeartsenykundige dienste aan kliënte te lewer te einde gesonde diere, veilige diereprodukte en die welsyn van die mense van Suid-Afrika te verseker.

### **3.4.1 Dieregesondheid**

#### **Strategiese doelstelling:**

Opsporing, voorkoming en beheer of uitroeiing van beduidende dieresiektes.

### **3.4.2 Uitvoerbeheer**

#### **Strategiese doelstelling:**

Verskaf 'n bemagtigende omgewing vir uitvoersertifisering vir diere en diereprodukte uit die Wes-Kaapprovinsie.

### **3.4.3 Veeartsenykundige openbare gesondheid**

#### **Strategiese doelstelling:**

Vervul 'n verpligte wetgewende rol deur die implementering van die Wet op Vleisgesondheid (Wet 40 van 2000), die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) en ander tersaaklike wetgewing.

### **3.4.4 Veeartsenykundige laboratoriumdienste**

#### **Strategiese doelstelling:**

Lewer 'n doeltreffende en geskikte veeartsenykundige diagnostiese diens.

### **3.5 Navorsing en tegnologie-ontwikkeling (Program 5)**

Die doel van die program is om kundige en behoefte-gerigte navorsing, ontwikkeling en tegnologie-oordragdienste te lewer wat ontwikkelingsdoelstellings beïnvloed.

Die doel van die subprogramme is as volg:

#### **3.5.1 Navorsing:**

Om landbouproduksie te verbeter deur medium tot langtermyn navorsing en tegnologie-ontwikkeling te onderneem, te fasiliteer en te koördineer.

#### **Strategiese doelstellings:**

- Onderneem landbounavorsing en tegnologie-ontwikkeling.
- Verhoog versagting en aanpassingsopsies teen klimaatsverandering vir boere.
- Betrek belanghebbendes om tersaaklike navorsingbehoefte te bepaal.

#### **3.5.2 Tegnologie-oordragdienste:**

Om inligting oor navorsing en ontwikkelde tegnologie aan kliënte, eweknieë en die wetenskaplike gemeenskap te versprei.

#### **Strategiese doelstelling:**

Verhoog toegang tot wetenskaplike en tegniese inligting oor landbouproduksie praktyke aan boere en kliënte.

#### **3.5.3 Navorsing Infrastruktuursteun:**

Om infrastruktuurfasiliteite te bestuur en te onderhou sodat die lynfunksie hulle navorsing- en tegnologie oordragfunksies kan uitvoer, i.e. navorsingsplase.

#### **Strategiese doelstelling:**

Verhoog die ter plaatse-infrastruktuur om die navorsingspoging en departementele dienste te steun.

### **3.6 Landbou-ekonomiese dienste (Program 6)**

Die doel van die program is om tydige en tersaaklike landbou-ekonomiese dienste aan die sektor te lewer ten einde billike deelname binne die ekonomie te verseker.

Die doel van die subprogramme is die volgende:

#### **3.6.1 Produksie-ekonomie en Bemarkingsteun:**

Om produksie ekonomie en bemarkingsdienste aan agri-besighede te verskaf.

##### **Strategiese doelstelling:**

Voorsien landboubelanghebbendes van landbou-ekonomiese advies.

#### **3.6.2. Agro Prosesseringsteun:**

**Doel:** Om agri-prosessering inisiatiewe te fasiliteer, ten einde deelname aan die waardeketting te verseker.

**Strategiese doelstelling:** Agri-prosesseringinisiatiewe uitgevoer om landboukundige verwerking te ondersteun.

**3.6.3. Makro-ekonomiese steun:** Om makro-ekonomiese en statistiese inligting oor die prestasie van die landbousektor te verskaf ten einde beplanning en besluitneming toe te lig.

##### **Strategiese doelstelling:**

Inligtingsaktiwiteite wat uitgevoer word om goeie besluitneming te steun.

### **3.7 Gestruktureerde Landbou-onderwys en -opleiding (Program 7)**

Die doel van die program is om gestruktureerde landbou-onderwys en -opleiding in lyn met die Landbou-onderwys en -opleidingstrategie en nakoming van kwaliteit standarde van die Hoër Onderwys Kwaliteitskomitee te verskaf ten einde 'n kennisgedrewe, vooruitstrewende en kompeterende sektor te vestig.

Die doel van die subprogramme is as volg:

### **3.7.1 Hoër Onderwys en Opleiding (HOO):**

Om tersiêre landbou-onderwys en -opleiding vanaf NKR vlak 5 aan enigeen te verskaf wat die minimum vereistes voldoen.

#### **Strategiese doelstelling:**

Om tersiêre landbou-onderwys en -opleiding vanaf NKR vlak 5 en hoër aan enigeen te verskaf wat die minimum vereistes voldoen.

### **3.7.2 Landbou Vaardigheid Ontwikkeling:**

Om formele en informele beroepsgerigte onderwys en opleiding op NKR-vlak 1 tot 4 aan alle belangstellende rolspelers te verskaf.

#### **Strategiese doelstelling:**

Om te verseker opleiding in landbou-vaardigheid ontwikkeling aan ge-akkrediteerde leerlingkapprogramme verskaf word.

## **3.8 Landelike ontwikkeling (Program 8)**

Die doel van die program is om die ontwikkelingsprogramme deur belanghebbendes in landelike gebiede te koördineer.

Die doel van die subprogramme is as volg:

### **3.8.1 Landelike ontwikkelingskoördinerings:**

Om ontwikkeling in spesifieke landelike gebiede (GLOP-persone) oor die drie sferes van regering te inisieer, te beplan en te ontwikkel ten einde die behoeftes wat geïdentifiseer is, te pak.

#### **Strategiese doelstelling:**

Om die implementering van die GLOP in die geselekteerde gebiede in die Wes-Kaap suksesvol te koördineer.

### **3.8.2 Maatskaplike fasilitering:**

Om gemeenskappe oor prioriteite te betrek en gemeenskaps- organisatoriese strukture (NWO's ens.) te steun.

**Strategiese doelstelling:**

Fasiliteer maatskaplike samehang- en ontwikkelingspogings as deel van die GLOP in die geselekteerde landelike ontwikkelingsnodusse in die Wes-Kaap.

**3.8.3 Plaaswerkerontwikkeling:**

Om die beeld en die sosio-ekonomiese toestande van landbouwerkers en die gesinslede deur die fasilitering van onderwys- en opleidingsinisiatiewe te verbeter ten einde hulle lewensgehalte te verbeter.

**Strategiese doelstelling:**

Fasilitering van onderwys- en opleidingsinisiatiewe ten einde die beeld en die sosio-ekonomiese toestande van landbouwerkers en die gesinslede te verbeter.

**4 KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE – Artikel 14(1)(b)**

Mr. H Malila  
1<sup>st</sup> Floor  
15 Wale Street  
Cape Town  
8000  
Tel: 021 4836032  
Fax: 021 4833300/4715  
E-mail: [Harry.Malila@westerncape.gov.za](mailto:Harry.Malila@westerncape.gov.za)

**KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE – Artikel 14(1)(b)**

Me Joyene Isaacs  
Hoof: Wes-Kaapse Departement Landbou  
Wes-Kaapse Regering  
Privaatsak X1/Muldersvleiweg  
ELSENBURG  
7607  
Tel: 021 808 5004  
Faks: 021 808 5000483 6412  
E-pos: [joyenei@elsenburg.com](mailto:joyenei@elsenburg.com)

## 5 GIDS DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE – ARTIKEL 14(1)(c)

5.1.1 Die Suid-Afrikaanse Mensregtekommissie dateer 'n gids op en stel dit beskikbaar in terme van Artikel 10 van die WBTI, wat mense inlig oor:

- die doelstellings van die WBTI en hoe om hulle regte in terme van hierdie wet uit te voer;
- die kontakbesonderhede van die inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeampte (waar van toepassing) van elke openbare liggaam en die bystand wat van hulle beskikbaar is;
- hoe om toegang tot rekords van openbare liggame te verkry; en
- die wetlike regsmiddele wat daar beskikbaar is waar daar 'n gebrek aan optrede in ooreenstemming met die WBTI is.

5.1.2 Alle navrae om toegang tot hierdie gids te verkry moet gerig word aan:

<b>Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie</b>	
<b>Telefoon</b>	+27 11 877 3900
<b>Faks</b>	+27 11 403 0684
<b>E-posadres</b>	<a href="mailto:PAIA@sahrc.org.za">PAIA@sahrc.org.za</a>
<b>Posadres</b>	PAIA-eenheid: Promotion of Access to Information Privaatsak 2700 Houghton 2041
<b>Straatadres</b>	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie Hoofdstraat 33 Braamfontein 2017 JOHANNESBURG
<b>Webwerf</b>	<a href="http://www.sahrc.org.za">www.sahrc.org.za</a>

5.1.3 **Bylae A** tot hierdie handleiding sluit inligting in oor hoe om toegang tot die rekords van die Departement te verkry, sy interne appèlprosedure, of appèl tot 'n hof teen besluite deur die Inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte, wat ook al die geval mag wees.

**6 INLIGTING OOR DIE WET OP DIE EVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2002**

**6.1 ONDERWERPE EN KATEGOREIË VAN DEPARTEMENTELE REKORDS – Artikel 14(1)(d)**

Die Departement hou rekords oor die volgende onderwerpe en kategorieë:

Kategorie en onderwerpmateriaal	Program vereis versoek
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lêerplanne</li> <li>• Register van inkomende en uitgaande items</li> <li>• Register van lêers</li> <li>• Verwyderingsowerhede</li> <li>• Diensvlakooreenkomste</li> <li>• Ouditverslae</li> <li>• Betaalstrokies</li> <li>• Salarislêers</li> <li>• Bateregister</li> <li>• R &amp; V-eise</li> <li>• Wissels</li> <li>• Kwitansies</li> <li>• Rekeninge</li> <li>• Finansiële state en verslae</li> <li>• BRS (Basiese rekeningkundige stelsels)</li> <li>• Kwotasies</li> <li>• Notules van tenderkomiteevergaderings</li> <li>• Tenderkontrakte</li> <li>• Onderhoudslêers: IT-infrastruktuur</li> <li>• Databasis van verskaffers</li> <li>• Tenderevalueringsverslae</li> <li>• Toepassing: E-pos</li> <li>• Organisasoriese strukture</li> </ul>	<p>Program 1</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Projeklêers van ingenieursdienste wat verskaf is (in al ses distrikte)</li> <li>• Projeklêers van LandCare-projekte (al ses distrikte)</li> <li>• Bewys van getuienis (APP)</li> <li>• Internskappe</li> <li>• Ramphulp wat verskaf is</li> <li>• Aansoeke vir onderverdeling en/of hersonering van landbougrond</li> <li>• BID-verkrygings</li> <li>• Koördinerende Komitee oor Landbou</li> <li>• Waternotules</li> <li>• Register van lêers</li> <li>• Bateregister</li> <li>• R &amp; V-eise</li> <li>• Kwotasies</li> <li>• Notules van Provinsiale Waterskakelingskomitees</li> <li>• WK-waterverskaffing- strategiese komitee</li> <li>• Verskeie waternavorsingsprojekte</li> </ul>	<p>Program 2</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Programprojeklêers (al ses distrikte)</li> <li>• Bewys van Getuienis (APP)</li> <li>• Departementele Toewysingskomitee</li> </ul>	<p>Program 3</p>

<ul style="list-style-type: none"> <li>(DPTK)-vergaderings</li> <li>• Kommoditeitslêers</li> <li>• Kommoditeitsprojektoewysingskomitee-vergaderings (KPTK)</li> <li>• Smart Pen/Xcallibre-lêer</li> <li>• Manstrat</li> <li>• Omvattende Landbousteunprogram (OLS)</li> <li>• Uitbreiding- Herlewingsprogram (UHP)</li> <li>• Ilima Letsema</li> <li>• Staatsdienskommissie</li> <li>• Meganisasie</li> <li>• Mentorskap</li> <li>• Interdepartementele Taakspan oor Voedselsekerheid</li> <li>• Provinsiale Herstelloodskomitee</li> <li>• Provinsiale Toelaagkomitee (DLOGH)</li> <li>• Casidra</li> </ul>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Persoonlike kliënte-inligting</li> <li>• Laboratoriumverslae</li> <li>• Navorsingsuitslae</li> <li>• Epidemiologieverslae</li> <li>• Liassing (Rekordhouding (insl. personeellêers)</li> <li>• Lys van geregistreerde abattoirs</li> <li>• Lys van gemagtigde vleisinspekteurs/ondersoekers</li> <li>• Lys van sterilisasieaanlegte</li> <li>• Lys abattoirs wat vir die uitvoer van huide en velle goedgekeur is</li> <li>• Lys van intermediêre store vir die uitvoer van huide van velle</li> <li>• Lynfunksie: Jaarverslag: Dieregesondheid</li> <li>• Verslae oor uitbrekings van diersiektes</li> <li>• Dieresensusverslag</li> <li>• Diersiektes Gebeurlikheidsplanne en -prosedures</li> <li>• Verslae oor diersiekteopname</li> <li>• Verslae oor diersiektevoorkoming en -inentingsaksies</li> <li>• Gedetailleerde rekords oor uitvoer en uitvoerinstellings</li> </ul>	<p>Program 4</p>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Navorsingsverslae</li> <li>• Bewys van getuienis (APP)</li> <li>• Navorsingsresultate</li> <li>• Liassing(Rekordhouding insluitend personeellêers)</li> <li>• Notules van bestuur en personeelvergaderings</li> <li>• Rekords oor grond, water, plante en diervoedingsontleding</li> <li>• Persoonlike inligting van kliente</li> <li>• Laboratoriumverslae</li> <li>• Besigheidsplanne</li> <li>• Diensleweringsooreenkomste</li> <li>• Verslae</li> <li>• Betalings</li> </ul>	<p>Program 5</p>



<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bateregister</li> <li>• R &amp; V-eise</li> <li>• Faktuur en eise lêer</li> <li>• Oordragbetalings</li> <li>• Departementele navorsingskomitee-vergaderings</li> <li>• Werkversoeke vir ter plaatse-onderhoud</li> <li>• Onderhoudslyste vir uitvoering van projekte deur die Departement Openbare Werke en Vervoer</li> <li>• Verslae, statistiek</li> </ul>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondhervormingsopname inligting</li> <li>• Gekooptesubsripsiedata</li> <li>• Quantec-data</li> <li>• Technofresh-data</li> <li>• Gewas prys data</li> <li>• Veeprodukt prys data</li> <li>• Veeveiling data</li> <li>• Landbougrondwaarde data</li> <li>• Wildspesies veiling data</li> </ul>	Program 6
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toelating-/graderingsrekords</li> <li>• Logis-betaallêers</li> <li>• Beurslêers</li> <li>• Eksamenskrifte</li> <li>• Eksamenantwoordstelle</li> <li>• Arbeidsverhoudinglêers</li> <li>• Hostellêers</li> <li>• Studentestatistiek</li> <li>• Studentelêers</li> <li>• Lêers oor studentesake</li> <li>• Tenderkontrakte</li> <li>• Eksamenuitslae</li> <li>• Spysenieringsinligting</li> <li>• Finansiële verslae</li> <li>• Rekening- en eiselêers</li> <li>• Fasiliteitsbestuurslêers</li> <li>• R&amp;V-eise</li> <li>• Bateregister</li> <li>• Staatsmotors</li> <li>• Notules van personeelvergaderings</li> <li>• Notules van departementele voorsittervergaderings</li> <li>• Puntevergaderings</li> <li>• Prospektus</li> <li>• Programselfevaluering</li> <li>• Onderwerpevaluering</li> <li>• Lêers: Kort kursusse</li> <li>• Kwotasielêers</li> <li>• Sport &amp; ontspanning vir studente</li> <li>• Besering-aan-diens-lêers</li> <li>• Bemarking</li> <li>• Thusongs, Uitstallings, Loopbaanuitstallings</li> </ul>	Program 7

<ul style="list-style-type: none"> <li>• Programprojektlêers (alle aktiewe GLOP-wyke)</li> <li>• Bewys van getuienis (APP)</li> <li>• Departementele projektoewysingskomiteevergaderings (DPTK)</li> <li>• Interdepartementele Loodskomiteevergaderings</li> <li>• PSO 11: Werkgroep 4-vergaderings</li> <li>• Casidra</li> <li>• Persoonlike kliënte-inligting</li> <li>• Sakeplanne</li> <li>• Diensvlakoooreenkomste</li> <li>• Verslae</li> <li>• Betalings</li> <li>• Bateregister</li> <li>• R &amp; V-eise</li> <li>• Rekening- en eiselêers</li> <li>• Oordragbetalings</li> <li>• Plaaswerker van die Jaar-kompetisies</li> <li>• Plaaswerkerberade (nasionaal en provinsiaal)</li> <li>• Plaaswerkerverwysingsregister</li> <li>• Notules van personeelvergaderings</li> <li>• Programprojektlêers (al ses distrikte)</li> <li>• Bewys van getuienis (APP)</li> <li>• Departementele Projektoewysingskomiteevergaderings (DPTK)</li> <li>• Logis-betaallêers</li> <li>• Arbeidsverhoudingslêers</li> <li>• Spysenieringsinligting</li> <li>• Finansiële verslae</li> <li>• Maandverslae</li> <li>• Kwartaalverslae</li> <li>• Rekening- en eiselêers</li> <li>• Fasiiteitebestuurslêers</li> <li>• R &amp; V-eise</li> <li>• Bateregister</li> <li>• Staatsmotors</li> </ul>	<p>Program 8</p>
--	------------------

**6.2 DEPARTEMENTELE REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS SONDER VERSOEK TOT TOEGANG – Artikel 14 (1)(e)**

<b>BESKRYWING VAN KATEGORIE VAN REKORDS WAT OUTOMATIES GRATIS BESKIKBAAR IS IN TERME VAN Artikel 15(1)(a)(iii)</b>	
(a) Brosjures oor landbouwerwante onderwerpe	<p>Afskrifte van hierdie rekords is gratis beskikbaar van die Landboutak, Privaatsak X1, Muldersvleiweg, Elsenburg</p> <p>Die volgende inligting is op die webblad: (<a href="http://www.elsenburg.com">www.elsenburg.com</a>):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>– Oor die Departement</li> <li>– gebeure</li> <li>– Media</li> <li>– Radio Elsenburg</li> <li>– gebeurekalender</li> <li>– Dienste</li> <li>– Navorsing en Ontwikkeling</li> <li>– landbouontwikkelingsentrums</li> <li>– inligtingsblaaie</li> <li>– Elsenburg-kollege</li> </ul>
(b) Publikasies, pamflette, nuusbriewe, plakkate	
(c) Alle inligting op die webwerf	

Die volgende rekords is vir inspeksie beskikbaar in terme van Artikel 15(1)(a)(i) en vir kopiëring in terme van Artikel 15(1)(a)(ii). Dokumente wat gratis beskikbaar is vir aflaai van die webwerf: [www.elsenburg.com](http://www.elsenburg.com) in terme van Artikel 15(1)(a)(iii), is met 'n asterisk (\*) gemerk.

Beskrywing van kategorieë wat outomaties beskikbaar is in terme van Artikel 15(1)(a)	Wyse van toegang tot rekords – Artikel 15(1)(b)
<p>6.3 D (a) Jaarverslae *</p> <p>(b) 5-jaar- strategiese planne*</p> <p>(c) Organisasoriese struktuur *</p> <p>(d) Burgerlike verslag *</p> <p>(e) Handves van Dienslewering *</p> <p>(f) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>(g) Begroting, Kosteskattings en Inkomste en Uitgawe vir departement vir 2018/19</p> <p>6.4 D</p>	<p>Beskikbaar op die departementele webwerf: <a href="http://www.elsenburg.com">www.elsenburg.com</a></p> <p>(f) en (g) Beschikbaar by Provinsiale Tesourie soos beskryf in die begroting. Kosteskattings van Provinsiale Inkomste en Uitgawe : 15n Waalstraat, Kaapstad.</p>

#### INSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK

Die Departement Landbou het interne en eksterne kliënte. Die interne kliënte van die organisasie bestaan uit die Ministerie en die Departement Landbou, die organisasie se topbestuur, ander direktorate en subdirektorate in die organisasie (bv. navorsers, uitbreidingsbeamptes en opleidingspersoneel).

Die eksterne kliënte bestaan uit boere (landbouprodusente en hulle organisasies), landelike gemeenskappe, verbruikers van landbouprodukte, ander nasionale en provinsiale regeringsdepartemente, prosesseerders, handelaars en verskaffers van landbouprodukte, finansiële instellings, oorsese handelvennote, nieregeringsorganisasies, tersiêre opleidingsinstellings, ander landboukundiges, stadsbeplanners, konsultante, plaswerkers, stads-landboukundiges, private veeartse, natuurbewaringsorganisasies, navorsingstrusts, statutêre rade, studente en munisipaliteite.

Die organisasie lewer dienste op versoek van kliënte of deur bemaking van dienste tydens persoonlike kontak, boeredae, uitbreidingsessies, en ook by wyse van inligtingstegnologie (die internet). Bemakingstrategieë ten opsigte van die vestiging en lewering van dienste moet optimaal versprei word om in die behoeftes van verbruikers te voorsien, maar ook in ooreenstemming met beskikbaarheid van finansies en menslike hulpbronne. Daar bestaan 'n ander verhouding ten opsigte van dienste tussen verskaffer en verbruiker, met die kliënt wat op die verskaffer reken vir advies; die kliënt verkies meer direkte kontak en onderhandeling met hierdie

organisasie. 'n Afskrif van die departement se Handves van Dienslewering is in Bylae B en kan ook aanlyn besoek word deur die volgende skakel:

<http://www.elsenburg.com/resource-library/official-publications>

<b>Dienste wat deur die Departement Landbou gelewer word</b>	<b>Hoe om toegang to herde dienste te verkry</b>
<p>Die Departement Landbou het interne en eksterne kliënte. Die interne kliënte van die organisasie bestaan uit die Ministerie en die Departement Landbou, die organisasie se topbestuur, ander direktorate en subdirektorate in die organisasie (bv. navorsers, uitbreidingsbeamptes en opleidingspersoneel).</p> <p>Die eksterne kliënte bestaan uit boere (landbouprodusente en hulle organisasies), landelike gemeenskappe, verbruikers van landbouprodukte, ander nasionale en provinsiale regeringsdepartemente, prosesseerders, handelaars en verskaffers van landbouprodukte, finansiële instellings, oorsese handelvennote, nieregeringsorganisasies, tersiêre opleidingsinstellings, ander landboukundiges, stadsbeplanners, konsultante, plaswerkers, stads-landboukundiges, private veeartse, natuurbewaringsorganisasies, navorsingstrusts, statutêre rade, studente en munisipaliteite.</p> <p>Die organisasie lewer dienste op versoek van kliënte of deur bemarking van dienste tydens persoonlike kontak, boeredae, uitbreidingsessies, en ook by wyse van inligtingstechnologie (die internet).</p> <p>Bemarkingstrategieë ten opsigte van die vestiging en lewering van dienste moet optimaal versprei word om in die behoeftes</p>	<p><b>Kry toegang tot die DL se webblad by</b>  <a href="https://www.westerncape.gov.za">https://www.westerncape.gov.za</a></p> <p><b>Kry toegang tot die departement Landbou se portaal</b>  <a href="http://www.elsenburg.com">http://www.elsenburg.com</a></p> <p><b>Alle dienste kan besoek word deur die Departement te kontak by:</b>  <b>Tel.: 021-8085111 / 021-8085111</b>  <b>Faks: 021- 8085120</b>  <b>Webwerf:</b>  <a href="http://www.elsenburg.com">http://www.elsenburg.com</a></p>

<p>van verbruikers te voorsien, maar ook in ooreenstemming met beskikbaarheid van finansies en menslike hulpbronne. Daar bestaan 'n ander verhouding ten opsigte van dienste tussen verskaffer en verbruiker, met die kliënt wat op die verskaffer reken vir advies; die kliënt verkies meer direkte kontak en onderhandeling met hierdie organisasie.</p>	
--	--

**6.5 REËLINGS VIR OPENBARE DEELNAME DEUR KONSULTASIE EN/OF VERTEENWOORDIGING OOR DIE FORMULERING VAN DEPARTEMENTELE BELEID EN/OF UITVOERING VAN FUNKSIES – Artikel 14(1)(g)**

Provinsiale beleid wat 'n eksterne impak het, sal openbare deelname vereis, en die proses wat gevolg moet word, sal deur die provinsiale kabinet op 'n geval-tot-geval-basis goedgekeur word.

**6.6 REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSGTE VAN OPTREDE OF GEBREK AAN OPTREDE DEUR DIE DEPARTEMENT – Artikel 14(1)(h)**

Wetgewing wat op die Departement van toepassing is (soos uiteengesit in die departementele Jaarlikse Prestasieplan<sup>1</sup>) mag voorsiening maak vir 'n interne hersienings- of appelprosedure. Indien hierdie prosedure uitgeput is, of geen voorsiening vir sodanige prosedure gemaak is nie kan 'n hof genader word vir 'n geskikte bevel.

Vrae, besware en kommentaar oor enige dienslewering deur die departement Landbou kan as volg gerig word:

**E-pos ons** : info@elsenburg.com

**Besoek ons** : Muldersvleiweg, Elsenburg Stellenbosch

**Bel ons** : 021 808 5111; (Maandag tot Vrydag 08:00 – 16:30)

**7 TOEGANG EN BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING – Artikel 14(3)**

---

<sup>1</sup> Beskikbaar by <http://www.elsenburg.com/resource-library/official-publications>

- 7.1 Die handleiding in Engels, Afrikaans en Xhosa is ter insae beskikbaar vanaf Maandag tot Vrydag (uitgesluit openbare vakansiedae) vanaf 08:00 tot 16:30 by die kantoor van die Adjunk-inligtingsbeampte, Me J Isaacs, by die Wes-Kaapse Departement Landbou, Muldersvleiweg, Elsenburg.
- 7.2 Die handleiding kan aanlyn op die wêreldwye web besigtig word deur die volgende webadres te besoek: [\*\*http://www.elsenburg.com\*\*](http://www.elsenburg.com)

## BYLAE A: GIDS OOR TOEGANG TOT INLIGTING WAT NIE OUTOMATIES BESKIKBAAR IS NIE

### 1 VOLTOOIING VAN AANSOEVORM, BETALING VAN GELD EN VORM VAN TOEGANG – Artikels 18, 19, 22, 29 en 31.

#### 1.1 Aansoekvorm

- 'n Voorgeskrewe vorm (aangeheg as Vorm A) moet deur die versoeker voltooi en by die Inligtingsbeampte/Adjunk-inligtingsbeampte ingedien word.
  - As 'n versoeker nie kan lees of skryf of die vorm nie kan voltooi nie weens 'n gestremdheid, kan die versoek mondeling gerig word. Die Inligtingsbeampte/Adjunkinligtingsbeampte sal dan Vorm A namens die versoeker voltooi, die oorspronklike hou en die versoeker van 'n afskrif/afdruk daarvan voorsien.
  - 'n Versoek mag namens 'n ander persoon gerig word, maar dan moet die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, op Vorm A aangedui word.

#### 1.2 Gelde

- Die gelde vir die versoek en soektog vir 'n rekord, sowel as die maak van afskrifte/afdrukke, word deur die regulasies voorgeskryf i terme van WBT (aangeheg as **Skedule van Betaling**). Die volgende gelde is betaalbaar
  - Versoekgeld van R35.00 vir elke versoek;
  - Toegangsgeld vir die redelike tyd wat bestee die om die rekord te soek en voor te berei, as dit langer as 'n uur duur om die rekord te soek en voor te berei. 'n Deposito van nie meer as een-derde van die totale toegangsgeld nie, kan vereis word. Die volle toegangsgeld is egter betaalbaar voordat toegang toegestaan word; en
  - Vir die maak van afskrifte/afdrukke van 'n rekord.

#### 1.3 Aansoekers wat vrygestel is van die betaling van versoekgeld:

- 'n Onderhoudsbeampte/ondersoeker wat toegang tot 'n rekord versoek vir 'n onderhoudsondersoek of navraag in terme van die Onderhoudswet, 1998 (of regulasies wat in terme daarvan gemaak is)
  - 'n Persoon wat 'n rekord aanvra wat sy/haar eie persoonlike inligting bevat.

